View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk brought to you by CORE
provided by Directory of Open Access Journals

# PASTORALE ETIEK

PROF. DR. J. I. DE WET.

## A. INLEIDING:

Daar bestaan wyduiteenlopende beskouings oor die objek, resultate en metodes van die Praktiese Teologie as wetenskap. Oor een saak kan daar egter nie meningsverskil wees nie naamlik oor die feit dat die Praktiese Teologie gedoseer en beoefen word met die spesifieke doel om vir die kerk goed toegeruste evangeliedienaars te vorm. Alle praktiese teoloë het klaarblyklik hierdie doel voor oë. Daarom skyn dit goed om 'n vraag in verband met die toerusting van die predikante van ons Afrikaanse Kerke juis by hierdie byeenkoms te berde te bring. Hierdie vraag naamlik of ons predikante goed genoeg toegerus is vir hulle ampsbediening is nie kunsmatig gefabriseer nie, maar het homself aan ons opgedring. Nou het ons in hierdie byeenkoms die ideale geleentheid om saam te kan beraadslaag of hierdie vraag wel 'n wesenlike vraag is en op watter wyse dit in so 'n geval beantwoord moet word.

Die vraag moet enigsins nader omskryf word, want dit gaan nie om die algemene vorming van predikante nie, maar wel om 'n spesifieke punt in hulle mondering.

## B. DIE AANLEIDING TOT HIERDIE VRAAGSTELLING:

Daar is bepaalde sake wat aanleiding daartoe verskaf dat hierdie vraag na die oppervlakte stoot. Hieraan moet vooraf eers kortliks aandag gegee word:

### (1) Publikasies op die gebied van die Praktiese Teologie:

Dit is 'n opvallende verskynsel dat feitlik sonder uitsondering slegs die tegniese handvaardigheid van die pastor in prakties teologiese geskrifte ter sprake kom. 'n Mens kan feitlik willekeurig hierdie publiekasies oopslaan en dan vind hy dat hierdie geskrifte van begin tot einde oor vorm en metodes dit wil sê tegniek van die amps praktyk handel. [1]) Die tegnieke word fyn uitgewerk.

1) 'n Goeie voorbeeld hiervan is R. Bijlsma se Kleine Catechetiek en uitsonderings op hierdie reël is bv. H. Jonker se Actuele Prediking en K. Dijk se Dienst der Prediking.

Dit is beslis nuttig maar verwerwing van vaardigheid in die ampstegniek alleen kan tog nie voldoende wees vir 'n suksesvolle ampsbediening nie. [2]) Die oorgrote meerderheid van hierdie geskrifte laat die indruk dat slegs tegniese skoling nodig is vir die ampspraktyk juis omdat hulle nooit eens die vraag stel of iets meer as tegniese toegerustheid nodig is nie. Miskien vermoed die outeurs nie eens dat so 'n vraag gestel kan word nie. Moontlik wil hulle opsetlik so 'n vraagstelling vermy.

(2) **Geen pastoraal-etiese skoling nie:**

Sovér ons kennis strek word daar nerens ter wêreld op 'n beplande en verantwoordelike wyse opleiding in wat ons pastorale etiek wil noem aan voornemende dienaars van die Woord verskaf nie. Oral word wel christelike sedeleer onderrig. Onses insiens bestaan daar egter 'n aanwysbare onderskeid tussen christelike etiek en pastorale etiek. Verder weet ons wel daarvan dat daar in die vorige eeu pogings was om wat as pastorale etiek beskou kan word onder die teologie opgeneem te kry. [3]) Waarskynlik is daar uit vrees vir etisisme in die teologie, korte mette met dié pogings gemaak. Die vraag ontstaan nou of hierdie pogings só sonder meriete was dat dit vandag nog onnodig is om daarvan kennis te neem of om dit weer geheel of gedeeltelik te laat herleef. Ons insiens is die totale uitbanning van die pastorale etiek die spreekwoordelike kind wat saam met die badwater uitgegooi is.

(3) **Die gegewens van die werklikheid:**

Die lewe self bring soms allerlei dinge tot ons kennis op 'n baie radikale manier. In die jongste tyd het die sogenaamde predikanteskandale vir ons nuusblaaie skynbaar groot nuuswaarde gekry. Gevolglik word ons op allerlei skokkende onsmaaklikhede getrakteer: Predikante wat geld verduister het, die ontugwet oortree het en selfs swart kuns beoefen het. Die bedroewendste is dat hierdie dinge werklik met predikante gebeur en dat die ampsbediening en die kerk self daardeur gevoelige skades ly.

Navraag in verband met sommige van hierdie predikantskandale lewer die volgende gegewens op: Formeel en tegnies het meeste van hierdie predikante hulle werk

---

2) L. Fendt, Katechetik, Töpelmann S 100 v.v. bevestig hierdie gedagte.
3) Die ou Pastoraal-Theologie van Palmer b.v.

gedoen. Hulle het gepreek, kinders gekatkiseer en sielsorg verrig, maar hulle sedelike ontsporing was só sterk dat hulle ampswerk daardeur tot niet gemaak is en hulle deur skorsing belet moes word om verder die amp te bedien. Hulle sedelike ontsporing was die direkte oorsaak van hulle mislukte ampsbediening.

Samevattend kan ons nou stel dat dit wil voorkom asof daar 'n swak plek in die mondering van ons predikante is. Dit wil ook vir ons lyk asof dié swak plek juis daarin bestaan dat 'n sinvolle en doelgerigte skoling in die aanvaarding van die etiese implikasies en eise van die ampsbediening, geheel of gedeeltelik ontbreek. Sou daar nie 'n meer geslaagde ampsbediening gewees het nie, as daar 'n beter ewewig tussen tegniese en sedelike skoling van die predikante bestaan het nie?

Onses insiens kan hierdie leemte gevul word deur 'n beter pastoraal-etiese skoling van predikante.

## C. WAT IS PASTORALE ETIEK :

Vervolgens sal onder verskillende subhoofde baie kortliks aangetoon moet word waarin die sin en noodsaaklikheid van die beoefening van die pastorale etiek geleë is.

Alle gelowiges lewe vanuit die geloof. Hierdie geloof in Jesus Christus moet lewend gehou word. Daarom roep die Here God sommiges as „herders en leraars" om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk (Ef. 4 : 11 en 12). Hierdie herders en leraars is ampsdraers wie se amp 'n bediening is wat vervul moet word. Van hierdie ampsdraers verklaar die Formulier vir die Bevestiging van Bedienaars van die Woord dat hulle onder 'n besondere verantwoordelikheid verkeer omdat God deur hulle diens vir Hom 'n gemeente wil bewaar, vermeerder en versterk. Hulle staan as lewende mense in hierdie diens. Daarom staan hulle self altyd in een of ander persoonlike verhouding tot hulle dienswerk en hierdie persoonlike verhouding het invloed op hulle vervulling van hierdie bediening wat aan hulle toevertrou is.

Daarom is dit noodsaaklik om na te gaan hoedanig die ampsdraer se eie gesindheid teenoor sy amp behoort te wees.

In sekulêre beroepe kan persoon en beroep van mekaar geskei word. Iemand kan byvoorbeeld met 'n groot mate van sukses boer terwyl hy werklik geen liefde vir die boerdery het nie. Is so-iets ten opsigte van die evangeliedienaar moontlik? Blykbaar is

baie van die bogenoemde predikante-skandale juis gebore omdat die betrokke ampsdraers hulle amp as iets los van eie persoon beskou het, sodat hulle nog vir hulle allerhande „vryhede" opgeeis het terwyl hulle amp dit byvoorbaat verbied het.

Die Heilige Skrif bied 'n antwoord op hierdie hele vraag. Ongelukkig kan ons nie hier op alle skrifgegewens in hierdie verband ingaan nie. Ons gee slegs die hooftrekke ten beste.

(i) 1 Timotheus 4 : 16 „Let op jouself en op die leer, volhard daarin; want deur dit te doen sal jy jouself red sowel as dié wat jou hoor."

Paulus beveel Timotheus om op homself, in die totaliteit van sy persoon, mens kan eintlik sê, op sy hart en lewe, net só ag te slaan as op die leer wat hy moet voordra. Die bedoeling is baie duidelik: Timotheus moet as't ware persoonlik ingroei in 'n lewe wat saamval met die evangelie wat hy moet verkondig. 'n Regte leer en 'n regte lewe wat by die ampsdraer hand aan hand gaan, is tot redding van andere. [4]) Die implisiete bedoeling van hierdie woorde is seker dat, indien die regte leer of die regte lewe by Timotheus sou ontbreek, sy bediening onmoontlik tot redding van ander sou kon strek. Dit spreek dus eintlik vanself dat sowel die subjektiewe ingesteldheid van die pastor as die objektiewe bedieningsmateriaal komponente is van 'n effektiewe ampsbediening. Anders uitgedruk : Die evangeliedienaar is eksistensieël só by sy ampsbediening betrokke dat hy nêrens of nooit geheel of gedeeltelik buite sy bediening kan staan nie. Geen wonder dus dat die ou vadere ampsverlating as 'n sensurabele daad gesien het nie. [5])

Die evangeliedienaar moet hom intens daarvan bewus wees dat hy in die totaliteit van sy persoon van Godsweë geroep en begenadig is om evangeliedienaar en niks anders te wees nie.

Die feit van sy roeping tot die amp het vir hom dus die blywende implikasie dat hy, mens soos wat hy is, deur God self opgeneem is in en deel vorm van die heerlike werk waardeur God sulke groot dinge tot stand bring. Daarom is sy ampsbediening nie soiets soos 'n kleed wat aangetrek en na willekeur weer uitgetrek kan word nie. Dit is iets wat so diep ingryp in sy lewe dat sy lewe nie

4) Vgl. Locke, The Pastoral Epistles in I.C.C., p. 41 - 45.
5) Vgl. H. H. Barger, Ons Kerkboek, J. B. Wolters, Groningen blz. 231 - 232.

net diensbaar aan hierdie roeping is nie, maar ook bevorderlik of vernietigend op daardie dienswerk inwerk. Daarom beveel Paulus Timotheus om op sy persoon te let. Trouens in die Bybel is dit kenmerkend van die ampsdraers dat hulle daarvan diep bewus is dat God hulle lewe deur sy roeping, vir die dienswerk waartoe hulle geroep is, in positiewe sin waardevol gemaak het.

(ii) **Die Pastorale opdrag aan Petrus** [6]), lewer ook behartenswaardige insigte op. Jesus Christus maak Petrus deur sy bevel tot 'n pastor. Verder vra die Here elke keer eers, voordat Hy die opdrag gee, of Petrus Hom liefhet. Dit het besondere betekenis. Die Here wil dié Petrus wat Hom van tevore verloën het nou in 'n besondere diens gebruik. Daarom moet hy die Here liefhê sodat hy die pastoraat nie volgens sy eie wil nie, maar volgens die wil van die Goeie Herder kan verrig.

Van die kant van Petrus gesien staan die saak so: Omdat Jesus Christus hom tot herder geroep het, moet hy inderdaad so 'n herder wees. In gehoorsaamheid uit liefde teenoor Hom wat geroep het moet Petrus ook so 'n herder **wil** wees.

Petrus en trouens elke ampsdraer is nie willoos en daadloos by ampsbediening betrokke soos 'n geut by die afvoer van water nie. Om eksistensieël betrokke te wees beteken eintlik om liefhebbend aktief mee te lewe en aktiefhandelend saam te bou. Dat Petrus geroepe is om in liefde teenoor die Heer, Sy kudde as herder te versorg beteken dat Petrus geroepe is om die gawes van hart en verstand aan te wend vir die beste uitvoering van die ontvange opdrag. Anders staan sy liefde vir die Heer van die kudde onder ernstige verdenking. Petrus se hele verdere lewensloop getuig dan ook onomwonde daarvan dat Petrus Jesus se vraag en antwoord aan hom só met mekaar in verband gebring het dat daardeur op sy hele menswees en al sy talente beslag gelê is ten dienste van sy pastoraat.

Uit die bogenoemde twee tekste kan ons aflei dat diegene wat as herder geroep word met hulle hele wese gehoorsaam aan hulle roeping moet wil wees. Daarom vertoon die ampsbediening bybels gesien 'n bepaalde sedelike kwaliteit en bevind die ampsdraer vanweë sy amp hom in 'n besondere pastoraal-etiese situasie. Hierdie pastoraal-

---

6) Joh. 21 : 15 - 17 vgl. Joh. 10 : 12 - 13.

fisiese oefening oproep tot skoling in die godsvrug, dan is etiese situasie ontstaan omdat die pastor volgens Gods-wil eksistensiëel in liefde betrokke moet wees by sy ampsbediening. So word daar grond en moontlikheid vir pastoraal-etiese handeling en gevolglik ook pastoraal-etiese keuring geskep.

Dit is dan ook hoegenaamd nie bevreemdend dat daar voortdurend ten opsigte van die pastor en sy ampsvervulling sedelik goed of afgekeur word nie. Die Heilige Skrif self gee aanleiding daartoe. Dit blyk byvoorbeeld uit die woorde van Paulus aan Timotheus in 1 Timotheus 4 : 6.

(iii) **'n Goeie dienaar van Jesus Christus . . . .**

In hierdie laasgenoemde teks sê Paulus: „As jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees . . . " In hierdie teks is die woorde kalos diakonos van besondere belang. Die woord diakonos wat in die Afrikaanse Vertaling met dienaar vertaal is kan net so goed met ampsdraer weergegee word. [7]) Die woord kalos kom in die Nuwe Testament in meer as een betekenis voor. [8]) In hierdie teks kan dit liggaamlik geskik of sedelik goed beteken. As in aanmerking geneem word dat Paulus, Timotheus in die volgende verse met afwysing van die dit duidelik dat die woord hier in sedelike sin gebruik word. Daar dien verder op gelet te word dat Timotheus in sedelike sin goed sal wees en sal handel as hy die Woord wat aan hom toevertrou is ongeskonde en suiwer oordra. Daartoe moet sy persoonlike gesindheid teenoor die Heer, Sy Woord en die diens van Sy Woord reg wees. Die goeie pastoraal-etiese lewe is dus nie afhanklik van een of ander menslike eienskap in die persoon van Timotheus nie, maar in sy gewilde en gekose ingesteldheid ten opsigte van die Woord en die oordrag van die Woord. Pastoraal-eties goed sal Timotheus dus handel as hy hierdie gewilde en gekose ingesteldheid in al sy doen en late getrou bly.

Hierin is die grond en moontlikheid van die pastoraal-sedelike handeling opgesluit. Wanneer 'n pastor dus na die eis van Gods Woord pastor wil wees en sy pastoraat as 'n persoon-en-talente-opeisende dienswerk na die eis van dieselfde Gods Woord vervul, dan is hy sedelik goed en handel hy sedelik goed. Dit is iets anders as sondeloos en

7) Die sin van die hele perikoop pleit eintlik daarvoor dat die woord met ampsdraer vertaal moet word.
8) Vgl. W. Bauer, Wörterbuch zum Neuen Testament, Töpelmann, Kol. 725-6.

veronderstel juis dat hy sy sondigheid wat altyd 'n obstruksie vir die pastoraal-eties goeie vorm, in geloofsgehoorsaamheid moet aflê en hom tot dit wat God van sy pastors eis, moet toewend. Mens kan byna sê dat die pastoraal-eties goeie daarin bestaan dat die pastor hom altyd weer voor die krisis weet waar hy hom tot sy pastoraat moet bekeer. Die pastoraal-eties slegte sou dan daarin bestaan dat hy om watter rede ookal hom in sy hart van sy pastoraat distansieër of dinge doen waardeur sy ampsbediening kragteloos gemaak word. So 'n predikant kan getipeer word as 'n pastoraal onbekeerde van hart wat vrugte dra wat vreemd is aan die ampsbediening, omdat hy sy gawes en talente van sy dienswerk af weg hou en sy lewe nie aan sy amp nie, maar aan ander sake wy.

(iv) **Pastorale Etiek:**

Pastorale etiek kan nou in die lig van die voorgaande beskryf word as dié wetenskap wat die grond en moontlikheid van pastoraal-etiese handeling en keuring ondersoek en beskryf. Dit studie objek van hierdie wetenskap is dan die norme wat aangelê word by pastoraal-etiese keuring. Dit kan ook saam met Palmer [9]) as die leer van die geestelike amp soos ons wil hê dat dit deur die pastor in evangeliese sin begryp en bedien moet word, gekenskets word. Nog anders gesê: dit sal die vraag, hoe moet die predikant sy amp verstaan en bedien om dit bybels-verantwoord te verstaan en te beklee? wetenskaplik ondersoek en toelig.

Die resultaat van hierdie wetenskap sal wees 'n reggevormde ampsgesindheid en 'n lewenswandel wat pas by die ampsbekleding.

Die werkswyse sal dus wees om vanuit die Skrif direktief leiding te gee aan voornemende en diensdoende ampsdraers tot vorming van die regte gesindheid en tot die regte inrigting van hulle lewenswandel.

Indien die pastorale etiek hierdie weg volg, kan dit nooit op spekulatiewe wyse 'n prentjie van die ideaal-tipe pastor ophang en probeer om van elke predikant 'n replika daarvan te maak nie. [10]) Langs hierdie weg wil die pastorale etiek by die evangeliedienaar die bereidheid kweek om ongeag en selfs ondanks persoonlike eienaardigheid en karaktertrekke na die eis van Godswoord ampsdraer te wees en die ampswerk te verrig.

---

9) Palmer, aw. blz. 17.
10) Vgl. Palmer aw. blz. 19.

## D. WAAR EN HOE MOET HIERDIE WETENSKAP IN DIE GEHEEL VAN DIE TEOLOGIE INGEVOEG WORD?

Dit is 'n encyclopaediese vraag waarop ons slegs in breë trekke wil antwoord.

Oënskynlik hoort hierdie wetenskap onder die christelike etiek [11]) tuis. 'n Ander moontlikheid is dat dit as aparte en selfstandige wetenskap naas die ander teologiese wetenskappe beoefen kan word. Laasgenoemde weg is in die vorige eeu gevolg toe, wat ons onder pastorale-etiek verstaan gedeeltelik onder die naam pastoraal-teologie, bedryf is. Palmer wou hierdie vak dan eintlik as 'n skakelvak tussen christelike etiek en praktiese teologie sien. [12])

Onses insiens hoort die vak by die praktiese teologie om die volgende rede tuis:

> Die praktiese teologie stel die wese en omvang van die ampsbediening van die predikant wetenskaplik aan die orde en kan daarom ook met goeie reg na die persoonlike ingesteldheid wat die ampsdraer in die lig van die skrifgegewens teenoor sy amp moet openbaar in sy dade, vra. Met ander woorde die pastorale etiek moet nie gesien word as 'n aparte vak nie, maar as 'n integrale deel van elke vak van die praktiese teologie. Wanneer dit anders behandel word, hetsy as onderdeel van die christelike etiek, hetsy as afsonderlike vak, kan dit so maklik losgemaak word van die saak waarom dit eintlik in dié vak behoort te gaan naamlik die ampsdraer se gesindheid en handeling vanuit die geloof dat hy tot die amp geroep is.

Anders geformuleer kan die saak miskien nog duideliker na vore gebring word. Dit wil voorkom asof elke vak van die praktiese teologie deur die wetenskaplike vasstelling van sy principia en die praktyk wat op die principia gebou moet word as vanself voor die vraag kom: Wie moet hierdie praktyk op hierdie principia bou? Prediking, kategese en dies meer is eenvoudig só dat dit nooit staties of dood kan wees nie. Om prediking, kategese en dies meer te wees moet dit aktueel bedien word, dit moet in gesproke of geskrewe vorm oorgebring word. Dit moet deur iemand aan ander bemiddel word. Hierdie bemiddelaar is 'n lewende mens en geen dooie of willose pion nie. Hierdie bemiddelingswerk het implikasies vir hom as persoon en hy as persoon speel 'n rol in

---

11) Onder christelike etiek verstaan ons die wetenskap van of leer aangaande die Gebod van God as norm vir die lewe uit die geloof vgl. v. Oyen, Christelijke Ethica, Servire 1946, blz. 18.

12) Palmer, aw. blz. 11 + 12.

hierdie werk. Daarom moet die homiletiek as wetenskap van die prediking noodwendigerwyse vra na die predikant as homileet dit wil sê na sy rol in en invloed op die lewende gebeure wat as prediking bekend staan. Dit moet ook vra na die implikasies van die preekwerk vir die homileet. [13])

Daar is alreeds vroeër daarop gewys dat hierdie hele aangeleentheid 'n tegniese en 'n sedelike kant het. Ons het ook alreeds daarop gewys dat die sedelike aspek juis geleë is in die vraag na die ampsdraer se persoonlike betrokkenheid by sy ampsbediening. Nou is ons juis van mening dat die pastorale etiek deel van die vakke van die praktiese teologie moet vorm sodat die sedelike aspek van die ampsbediening minstens binne die regte verband net so 'n swaar aksent sal ontvang as wat die tegniese aspek van die ampsbediening reeds ontvang. [14])

Hierdie saak moet nader met 'n paar voorbeelde toegelig word. Ons hou nou maar by die voorbeeld van die homiletiek. As die homiletiek ingaan op wat die prediking nou eintlik is dan word vasgestel dat 'n preek die regte uitleg en toepassing van 'n teks of perikoop uit die Bybel is. Dit is dan 'n principium waarop 'n groot stuk predikingspraktyk gebou word. Want tegnies verwerk lei dit daartoe dat iemand wat moet gaan preek ingelei word in die kuns van die eksegese. Die tegniek van of vaardigheid met die eksegese word dan vir die preekwerk vereis. [15]) Dog 'n mens soek tevergeefs in 'n homiletiek na die sedelike verwerking van dieselfde principium naamlik dat 'n preek regte uitleg en toepassing van 'n teks of perikoop is. 'n Sedelike verwerking van hierdie beginsel sou byvoorbeeld onder ander aantoon dat dit pastoraal oneties is om 'n teks sonder behoorlike eksegese daarvan as 'n kapstok waaraan eie insigte opgehang word, te gebruik. Dit moet as pastoraal oneties geld omdat die eie insigte dan hoër aangeslaan word as die inherente boodskap van die teks of omdat dit getuig van luiheid en onvoorbereidheid. Al hierdie dinge lê dan 'n onpastorale gesindheid as bronwel van hierdie verkeerde daad, bloot. [16])

Dit is hieruit duidelik dat daar nie twee stelle principia in die praktiese teologie is nie. Daar is nie een stel grondbeginsels waarop die praktyk gebou word en 'n ander stel as grond van die sedelike keuring nie. Dit is dieselfde beginsel wat tegnies uitgewerk en sedelik aangewend moet word. Daarom vertoon die vakke van

---

13) Vgl. verder hieroor J. I. de Wet, Die Werk van die Predikant in Herv. Teol. Studies 19de Jaargang Afl. I + II, bls. 7 v.v.
14) Die Formulier vir die Bevestiging van Bedienaars van die Goddelike Woord, skyn hierdie gedagte op uitnemende wyse te steun.
15) Vgl. bv. O. Händler, Die Predigt, Töpelmann, S 149 v.v.
16) Vgl. bv. I Pet. 1 : 10 - 12.

die praktiese teologie onses insiens 'n inherente, sedelike kwaliteit.

Hierdie voorbeeld kan gemaklik vermenigvuldig word. Dis egter nie nodig nie. Uit wat genoem is, is duidelik genoeg dat dit die taak van die pastorale of, as u wil, ampsetiek is om binne die vakke van die praktiese teologie self, daarvoor te sorg dat nie net die tegnies-voorskrywende maar ook die sedelik-normatiewe karakter van die principia van hierdie wetenskappe tot volle gelding gebring word. So moet die pastorale etiek die ampsdraer daartoe lei om die principia van sy wetenskap nie net as spoorslag tot tegniese vaardigheid nie, maar ook as die grense van sy eie gesindheid ten opsigte van sy ampsbediening en as die maatstawwe vir die beoordeling van sy eie ampshandelinge te ken en te waardeer. So sal predikante sedelik beter toegerus word vir die aanvaarding van hulle amp met al die implikasies daaraan verbonde.

E. **TEN SLOTTE:**

Die Heilige Skrif is die Kanon. Dit is die genoegsame bron en maatstaf van alles wat onder die naam teologie wil optree en van alles wat as sinvolle en legitieme handeling in die Kerk van Christus mag plaasvind. Met Kuyper hartlik instemmend wil ons betoog dat die Skrif alles bevat wat nodig is vir 'n verantwoordelike ampsbediening. In die lig hiervan wil ons dan ook volhou dat die wetenskap van die ampspraktyk, indien dit teologie genoem wil word, sy principia skriftuurlik moet fundeer. So wil ons dan ook volhou dat hierdie principa 'n sedelike, normatiewe karakter dra en gehoorsaamheid eis. Juis om hierdie rede gaan dit in hierdie betoog oor pastorale etiek ook om 'n prinsipiële standpunt-inname ten opsigte van die dosering en beoefening van die praktiese teologie. So 'n standpunt inname het opnuut dringend nodig geword omdat die „nuwe teologie" klaarblyklik nie meer die skrif as genoegsame bron en norm ook vir die praktiese teologie wil aanvaar nie en oral buite die skrif bronne en norme waardeur die skriftuurlike principia en die normatiewe karakter van hierdie principia heeltemal oorwoeker word, vind. Dié pleidooi vir 'n pastorale etiek is daarom tegelyk ook 'n pleidooi vir die afwysing van hierdie vreemde weg en die behoud van die bybels-teologiese karakter van die praktiese teologie.